# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 23 April 2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

## 23 April

**9:00 Erediens en Kinderkerk**
**Prediker:** Ds Paullet Grobler
**Teks:** Lukas 24:13-35
**Teebeurt:** Wyk K
**10:00 Kategese en Belydenisklas**
**RSG uitsending:** Oggenddiens om 9:00, aanddiens om 18:30. Dienste kan ook van hulle Potgooie afgelaai/geluister word

# Kalender

### Groeisaam-selgroep

Ons sel/groeigroep "Groeisaam" kom volgende maand vir 4 weke weer bymekaar met die tema: "gasvryheid". Ons beplan een aand saam en begin dan met n saterdagoggend ontbyt met ons groep en n paar gaste! Daarna kom ons 4 Donderdae aanlyn bymekaar ( dis dan winter!) Ons nooi jou graag uit na ons ontbyt maar ook om Donderdae by te woon. Vir enige verdere navrae, kontak gerus Paul Rheeder: 072 283 7065

### *Gemeente Kunsuitstalling en Wegneemetes*
### *19 Mei*

Ons hou weer ‘n kunsuitstalling waar ons lekker gaan saamkuier! Indien jy kunstig is en graag wil uitstal of van iemand weet wat graag by die geleentheid wil uitstal, laat weet gerus vir ds Paullet. Velede jaar se geleentheid was ‘n reuse sukses, en ons sal graag weer baie kunsstalletjies wil hê om te kan bewonder op die aand!

## 11 Mei (18:30)
## Trauma-Ondersteuning

Ons almal ervaar trauma op een of ander stadium in ons lewens. Trauma wat oor jou pad kom is ’n gebeurtenis wat ’n mens nie sommer vergeet nie en in die meeste gevalle gaan ’n persoon moet leer om ’n nuwe pad te stap, op ’n nuwe manier te dink en as ‘t ware opnuut leer loop. Dit kan wees as gevolg van siekte, die afsterwe van ‘n geliefde, egskeiding, werksverlies, aftrede of enige ander groot lewensveranderende situasie wat oor jou pad kom.

’n Mens se lewe kan verander in ’n oogwink, onherroeplik, en elke mens hanteer trauma op ’n ander manier. Die hoeveelheid tyd wat elkeen nodig het om die trauma te verwerk, verskil ook. En soms... Help dit om daaroor te praat en/of te luister na ander mense se ervaring sodat ons weet ons is nie alleen nie.

Ons nooi dus elkeen uit om die eerste van twee geleenthede by te kom woon waar ons ‘n bietjie rondom trauma en rou gaan gesels, verhale gaan deel en mekaar ondersteun. Vir meer inligting kontak ds Grobler (0768411568). Meer besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word.



*Rietondale High Span hard aan die werk!*

# *Dorkas se Kombuis*

Op Maandag 24 April laai ons weer voorraad af by RHS vir die pak van die 36 pakkies.
Die mayonnaise en skottelgoedseep wat ons vir so lank ingesamel het word dan uitgedeel.
Die span van RHS sal ongeveer 6x 10kg sakke aartappels kry om tussen die gesinne te deel. Aartappels en mayonnaise is goeie pasmaats. ☺
BAIE DANKIE vir al die donasies. Dit dra by dat ons 'n bietjie variasie in die pakkies het en ook stel dit ons instaat om so 'n ietsie ekstra, wat ons nie altyd kan gee nie, te kan inpak.
ONS VRA GROOT ASB bydraes van soup mix pakkies en split pea pakkies. Ons wil graag soveel as moontlik bymekaar maak teen 7 Mei 2023.

*Mooiste week!*

**Bankbesonderhede: M. Janeke**
**Capitec Bank, Spaarrekening**
**1651207613**

# *Advertensie*

MOOT MED

| **Dr Jana de Villiers** | **Charles Nel** | **Gerhard Pienaar** |
|---|---|---|
| Algemene Praktisyn | Biokinetikus | Fisioterapeut |
| 064 553 2340 | 064 657 9800 | 079 495 4417 |

Moot Med ontvangs: 064 528 2510

Adres: H/V 30ste Laan en Haarhoffstr, Villieria

Maandag tot Vrydag: 08:00 – 17:00

# Ons mense...

## Verjaarsdae




| | | | |
|---|---|---|---|
| 23/04 | Mnr | Cornelius | Coetzee |
| 23/04 | Mev | Stoffie | Du Plessis |
| 24/04 | Mnr | Michiel | Britz |
| 24/04 | Me | Monique | Grebe |
| 25/04 | Mnr | Martin | Gijben |
| 25/04 | Me | Else-Carine | Kloppers |
| 25/04 | Mnr | Hennie | Smit |
| 25/04 | Mev | Marie | Wentzel |
| 26/04 | Mev | Janet | Jacobs |
| 26/04 | Mnr | Ruben | Jeffries |
| 28/04 | Mnr | André | Venter |
| 29/04 | Me | Melani | Sharp |
| 29/04 | Mnr | Anton | Strydom |

**Baie dankie aan Hennie Mostert en sy span wat met die hulp van Gift ons kerktoring skoon gemaak het. Hulle het ook al die gate waar die duiwe kan inkom om nes te maak weer heel gemaak!**

## Lief en Leed

- Philip van der Westhuizen
- Ronel Rademeyer wat moet gaan vir 'n skouer en knievervanging.

  Mara wat 'n knie operasie gehad het.
- Ahmaryn Kloppers wat in die hospitaal is.
- Marius van Niekerk – kanker (familielid van Hennie Smit)
- Cathy du Plessis wat die week begin met Chemobehandeling.
- Andre du Plessis wat 'n rugbesering het.